

15 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:1-11

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:9

Onrus in die gemeente – hoe tree ons op?

Ons ken dit almal. Kwaadpraterij, geskinder, afkrakerij of een of ander kwetsende optrede in die gemeente. Dikwels is die predikant die skyf van sulke optrede. Dit blyk dat dit die geval was met Paulus in Korinte. Iemand het hom ernstig te na gekom. Hy was hewig ontsteld, soveel so dat hy sy beplande volgende besoek gekanselleer het. Paulus was waarskynlik bang dat dit op 'n konfrontasie sou uitloop. Sagkens gestel, op "droefheid" en "hartseer" sou uitloop (vs. 1, 2) – vir hom en die gemeente.

Hy het besluit om die saak per brief onder hulle aandag te bring en vir Titus gestuur om dit af te lewer. Hy wou die gemeente toets ten opsigte van hulle houding teenoor hom. Is hulle nog "getrou" aan hom as persoon en "gehoorsaam" in alles wat hy aan hulle verkondig (vs. 9)? Hy sê dat dit nie net hy is wat hartseer gemaak is nie, maar hulle almal of ten minste 'n deel van die gemeente (vs. 5). Kwetsende optrede in 'n gemeente bring onrus en hartseer. Satan kry die oorhand (vs. 11). Dit kan tot tweedrag en selfs skeuring lei.

Die gemeente was ontsteld en onrustig oor die lidmaat se optrede. Toe is hy deur die meerderheid "bestraf" (vs. 6). Ons kan sê "getug". Maar die bestraffing en tug moet nie te ver gaan nie, anders kan so iemand "heeltemal moed verloor" (vs. 7). In die hele proses moet daar aan die "oortreder" liefde bewys word.

Berou, liefde, vergifnis – dis die sleutel tot herstel in 'n situasie van onrus in die gemeente. Paulus sê dat hyself, sonder dat daarvoor gevra is, reeds die persoon vergewe het (vs. 10). So behoort ons ook op te tree. So bly ons "getrou" aan mekaar met die krag en leiding van die Heilige Gees en in alles gehoorsaam aan die liefdesgebod wat ons Here Jesus aan ons voorhou.

Sing: Psalm 133:1, 2 (Totius)

Ds. RJP du Plessis (Emeritus)